VISUELE KUNSTE AFDELING
FINE ARTS SECTION

ALGEMENE REëLS EN BEPALINGS

1. Deelnemers wat nie die reëls en bepalings nakom nie word gediskwalifiseer.
2. Deelnemers mag nie meer as een keer aan ‘n item deelneem nie.
3. Items moet aangebied word soos daar in die sillabus bepaal word.
4. Die Kempton Park Eisteddfod en gasheer lokale word gevrywaar van aanspreeklikheid vir skade of verlies van kunswerke tydens beoordeling.
5. Deelnemers moet kopiereg respekteer.
6. Geen kunsstukke sal aanvaar of beoordeel word indien die inskrywing en/of inskrywingsfooie uitstaande is nie.
7. Heg die voltooide inligtingsvorm vir Visuele Kuns agter aan elke kunsstuk vas.
8. Kunsstukke moet ingehandig word by die skool/lokaal soos aangedui op die program en gereël deur die Afdelingshoof vir Visuele Kuns.
9. Deelnemers skryf onder die naam van ‘n skool/ dramaskool/ kunsskool/ studio/ privaat in.
10. Geen kunswerk kan ‘n ander persoon se inskrywing vervang nie.
11. Geen laat inskrywings of laat inhandigings sal aanvaar word nie.
12. Sertifikate sal gedruk word met die inligting soos op die aanlyn inskrywing. Maak seker dat die spelling korrek is.
13. Klagtes/kommentaar moet binne 48 uur per **e-pos** aan die bestuur gerig word. Heg die beoordelaarstrokie aan (indien nodig) en stuur aan info@kempkuns.co.za. Geen telefoniese kommentaar sal aanvaar word nie.

GENERAL RULES & REGULATIONS

1. Failure to comply with the rules and regulations will result in disqualification.
2. Participants may not take part in the same item more than once.
3. Items must be presented as prescribed in the syllabus.
4. The Kempton Park Eisteddfod and its host venues are indemnified against loss or damage during the adjudication process.
5. Participants should adhere to copy right where applicable.
6. No pieces will be accepted or adjudicated if the entry and/or entry fees are outstanding.
7. A completed information form for Fine Arts should be attached to the back of each art work.
8. Art work must be handed in at the school/venue as indicated on the program and arranged by the Fine Arts division head.
9. Participants enter under the name of a school/ drama school/ art school/ studio/private.
10. No entry can be replaced by another person’s art work.
11. No late entries or late submissions will be accepted.
12. Certificates will be printed according to the information provided on the online entry. Please ensure that spelling is correct.
13. Complaints/comments must be submitted via **e-mail** within 48 hours. Attach the adjudicator’s report (if necessary) and send to info@kempkuns.co.za. No telephonic comments will be dealt with.

INSKRYWINGSFOOIE / ENTRY FEES

Individuele items / Individual Items R 55.00

Let wel: GEEN inskrywingsfooie is terugbetaalbaar nie.
Please note: NO entry fees are refundable.

Elke skool/kunsskool/studio moet hulle kunswerke in een pakkie inhandig, vergesel van ‘n lys van al die kunswerke. Na afloop van die uitstalling, word kunswerke verwyder deur hulle eienaars of verteenwoordiger van die skool/studio/groep. Die sertifikate van die affiliasie word in een koevert uitgedeel aan ‘n verteenwoordiger van die skool/studio/groep.

Every school/art school/studio must hand in their artworks in one packet with a list of entries attached. At the end of the exhibition, the artwork/s are removed by the owner or a representative of that school/art school/studio. Certificates of the particular affiliation are handed out in one envelope to a representative of that school/art school/studio.

INSKRYWINGS:
ENTRIES:

Inskrywings word aanlyn gedoen by
www.kemptonparkeisteddfod.co.za

Please enter online at
www.kemptonparkeisteddfod.co.za

2020 TEMA: "My droom" **2020 THEME: "My dream"**

DATUM VIR INHANDIGING: **DATE OF HANDING IN:**
Vrydag 12 Junie 2020 **Friday 12 June 2020**
van 09h00 – 13h00 by die Next Gen Hall, Maranatha Christian School
from 09h00 – 13h00 at the Next Gen Hall, Maranatha Christian School

UITSTALLING EN AFHAAL VAN KUNSWERKE:
Donderdag 9 Julie van 14h00 – 18h00 by NG Kruin, Fiskaal straat, Glen Marais
EXHIBITION AND COLLECTION OF ARTWORKS:
Thursday 9 July from 14h00 – 18h00 at NG Kruin, Fiskaal street, Glen Marais

TOEKENNINGS - AWARDS			
Prestige	A++	95 - 100%	Prestige
Diploma	A+	90 – 94%	Diploma
Platinum	A	85 – 89%	Platinum
Goud	A-	80 – 84%	Gold
Chroom	B+	75 – 79%	Chrome
Silwer	B	70 – 74%	Silver
Brons	C	Onder/Under 70%	Bronze

Items kan slegs gewen word met Platinum (A), Diploma (A+) of Prestige (A++) toekennings.
Items can only be won with Platinum (A), Diploma (A+) or Prestige (A++) awards.

VISUELE KUNS ITEMS / FINE ART ITEMS
(Slegs 2D plat vlak / Only 2D flat surface)

ITEM NR	ITEM
K1	**Teken / Drawing** Teken op geskikte papier: Enige media mag gebruik word bv. waskryt, oliepastelle, krytpastelle, potlood, kleurpotlode, pen, ink, houtskool. Drawing on suitable paper: Any media e.g. wax crayons, oil pastels, crayon pastels, charcoal, pencil, colouring pencils, pen and ink. Tegniek: skets / Technique: sketch
K2	**Skilder / Painting** Skilder op 'n geskikte oppervlak (bv. canvas): Enige media bv. temperaverf, waterverf, akrielverf, olieverf, ink met kwas. Painting on a suitable survace (e.g. canvas): Any media e.g. distemper paints, water colours, acrylic, ink, oil with brush. Tegniek: skilder / Technique: painting
K3	**Drukwerk / Printmaking** Drukwerk of kombinasie daarvan bv. reliëf drukwerk (lino of houtkerfwerk), intaglio drukwerk, lithografie, serigrafie, monodrukke, stensildruk, sifdruk. Printing or combination of it e.g. relief prints (lino or wood engraving), intaglio printing, lithography, mono-prints, stencils.
K4	**Gemengde media / Mixed media** 'n Kombinasie van verskillende media en tegnieke: teken, skilder, tekstuur, kollage in een kunswerk. A combination of different media and technique: drawing, painting, texture, collage in one artwork.

K5	**Kollage / Collage** Komposisie van ‘n nuwe werk m.b.v. plak op ‘n plat oppervlak, deur gebruik te maak van materiaal of ‘n kombinasie van materiale wat normaalweg nie geassosieer word in een kunswerk nie (bv. papier, plastiek, tekstiel, hout). One or a combination of materials not normally associated with one another (such as paper, plastic, cloth, wood) glued on a flat surface thus creating a new whole.
K6	**Ontwerp / Design** Grafiese ontwerp per hand of digitaal, in swart en wit of kleur vir ‘n plakkaat, omslag of advertensiebord. (Handig slegs die ontwerp in). Graphic design by hand or digital, in black and white or colour for a poster, cover or billboard. (Only submit the design). **Of / Or** Oppervlak ontwerp per hand of digitaal, in swart en wit of kleur vir ‘n mosaïk, patroon, tekstuur of materiaal. (Handig slegs die ontwerp in). Surface design by hand or digital, in black and white or colour for a mosaic, pattern, texture or material. (Only submit the design). **Of / Or** Produk ontwerp per hand of digitaal, in swart en wit of kleur vir ‘n kostuum of mode uitrusting, juwele of meubel ontwerp. (Handig slegs die ontwerp in). Product design by hand or digital, in black and white or colour for a fashion design, costume design, jewellery or furniture design. (Only submit the design).

Beste Presteerder Gr 1 – 12 en Oop afdeling
Hierdie toekenning word nie afsonderlik aan seuns en dogters toegeken nie.

1. Deelname aan minstens 4 items en die hoogste 4 punte word in berekening gebring.
2. ’n Addisionele punt sal toegeken word vir elkeen van hierdie items waar die deelnemer itemwenner was.
3. Die deelnemer met die hoogste persentasie word as die beste presteerder aangewys.

Best Performer Gr 1 – 12 and Open
No separate award for boys and girls.

1. Participation in at least 4 items and the highest 4 marks will be taken into consideration.
2. An additional point will be added for each of these items where the participant was item winner.
3. The participant with the highest percentage will receive the best performer award.

Neem in aanmerking / Aspects To Consider With Entries:

1. Wanneer ‘n kunswerk ingegee word vir beoordeling, erken die deelnemer / ouer / onderwyser die Reëls en Regulasies van die Kempton Park Eisteddfod soos uiteengesit in die sillabus.
   When a piece of art is handed in for adjudication, the participant/parent/teacher acknowledges the Rules and Regulation of the Kempton Park Eisteddfod as set out in the syllabys.
2. Alle kunswerke moet die volledige, oorspronklike skepping van die kunstenaar wees.
   All entries must be the original work of the artist.
3. Aangekoopte versierings is nie aanvaarbaar om deel uit te maak van die kunswerk nie.
   No artificial decorations (e.g. scrapbooking items) as part of the artwork, will be accepted.
4. Gediskwalifiseerde kunswerke sal nie beoordeel word nie. Vergewis uself deeglik van alle vereistes voordat kunswerke gedoen word, bv. grootte en media.
   Disqualified artwork will not be adjudicated. Please familiarize yourself with all requirements, such as size and media before planning or starting your art work.

Aspekte waarna gekyk word tydens beoordeling, ongeag die medium of tipe kunswerk:
Aspects considered during adjudication, irrespective of the medium or type of art work:

1. Oorspronklikheid en kreatiwiteit in die beplanning en gebruik van materiale, konsepte, ens.
   Originality and creativity in planning and materials used, concepts etc.

2. Kwaliteit in tegniek, effekte, afronding en aanbieding.
   Quality of technique, effect and presentation.

3. Estetiese waarde: gebruikmaking van formele kunselemente, intrinsieke waardes, oordra van idees en interaksie tussen kunstenaar en aanskouer, impak en/of algemene indruk.
   Aesthetic values: use of formal art components, intrinsic values, presentation of ideas and interaction between the artist and the viewer, impact and / or general impression.

4. Dit is uit ‘n opvoedkundige oogpunt ook baie belangrik om die ouderdom van die kunstenaar in ag te neem, aangesien dit bepaal in watter ontwikkelingsfase van kuns hy/sy is. Elke deelnemer word beoordeel volgens die inskrywing en nie volgens wat algemeen aangeneem word of verwag kan word van die ouderdomsgroep nie.
   Educationally it is important to consider the age of the entrant, as this determines the developmental phase in which he/she is at. Each participant will be adjudicated on his/her entry, and not according to what is assumed that other learners of his/her age can do.

5. Let wel: dit moet duidelik die oorspronklike werk van die deelnemer wees. Geen afskrifte (kopieë of drukwerk) van enige oorspronklike werk of dele daarvan sal toegelaat word nie. Hierdie is nie ‘n inkleur wedstryd nie. Die kunswerk moet in geheel deur die kunstenaar self gedoen word.

Please note: all works of art must obviously be the original work of the participant. An imitation (tracing, printing or photocopying) of any original work or part of it will not be accepted. Originality is the key-word as this is not a colouring in competition. The complete artwork must be done by the artist.

6. Kunsonderwysers moet asseblief let daarop dat daar ‘n tema is. ‘n Variasie word aanbeveel vir groep inskrywings. Dit vorm deel van die oorspronklikheid van die kunswerke.
   Art teachers, please take note of the theme. Encourage individuality and originality within a group. A variety is strongly recommended in the same group

Vereistes/Requirements:

1. Die inligtingsvorm moet volledig ingevul en aangeheg word aan elke kunswerk.
   The information sheet must be fully completed and attached to each art work handed in.

2. Grootte : Minimum A4 – Maksimum A2
   Size: Minimum A4 – Maximum A2

3. GEEN inskrywings mag geraam of gemonteer word nie, gegewe die koste verbonde daaraan.
   Given the cost involved, NO entry should be mounted or framed.

4. Dit is die deelnemer/affiliaat se verantwoordelikheid om seker te maak dat hy/sy ingeskryf is vir die korrekte item/s en dat die inligting op die inskrywingsvorm korrek en volledig is. Kunswerke wat ingehandig word onder ‘n verkeerde item, sal nie beoordeel word nie.
   It is the participant’s/affiliation’s responsibility to ensure that he/she is entered for the correct item/s and that the information submitted on the entry form is correct. Entries under the wrong item wil not be adjudicated.

Mag dit ‘n onvergeetlike kreatiewe ervaring wees!
May this be an awesome creative experience!

Die inligtingsvorm moet volledig voltooi en ingedien word op die agterkant van elke kunswerk.
The information sheet must be completed and attached to the back of each artwork.

AFDELING: VISUELE KUNSTE - SECTION: FINE ARTS					
Inligtingsvorm / Information sheet					
Merk die Item blokkie met 'n X / Mark the Item block with a X					
K1 Teken/ Drawing	K2 Skilder/ Painting	K3 Drukwerk/ Print	K4 Gemengde media/ Mixed media	K5 Kollage/ Collage	K6 Ontwerp/ Design
Tegniek / Technique:					
Medium / Media:					
Titel Van Kunswerk / Title of Artwork:					
Naam en Van van Deelnemer / NAME and SURNAME of Participant:					
GRAAD / GRADE:					
NAAM VAN SKOOL / GROEP / PRIVAAT PERSOON deur wie die kunswerk ingeskryf is: NAME OF SCHOOL / GROUP / PRIVATE PERSON who entered this artwork:					
Kontak persoon / Contact person: _____ Kontak no./ Contact nr: _____ E-pos adres / E-mail address: _____					
Ek sertifiseer dat bogenoemde inligting korrek is en dat die inskrywing die student se eie oorspronklike werk is. I hereby certify that the information given above is correct and that the entry is the original work of the student.					
Die deelnemer het geen hulp ontvang nie. / The participant did not receive any help. ☐					
Die deelnemer het hulp ontvang. / The participant received help. ☐					
Hierdie kunswerk mag uitgestal word. / This artwork may be displayed in an exhibition. ☐					
Kunsonderwyser of ouer / Art teacher or parent: _____ Handtekening / Signature: _____					